Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

AUGUSTUS 2016

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Sny van lint

Kleinmond Biblioteekpersoneel

KLEINMOND SE BIBLIOTEEK OPGEGRADEER IN BELANG VAN 'N INKLUSIEWE, KREATIEWE, AKTIEWE EN VERBONDE GEMEENSKAP

Noudat Kleinmond se biblioteek teen 'n koste van R5 miljoen opgegradeer is, kan ook hierdie gemeenskap spog met 'n ultramoderne plek waar hulle kan vergader om hul kennis te verbreed en van mekaar te leer. Besoekers aan hierdie biblioteek gaan nie net gratis toegang tot die Internet geniet nie, hulle gaan ook vind dat 'n omvangryke skat van meer as vyf-en-twintig duisend naslaanbronne, 'n afdeling wat geheel en al aan kinderliteratuur gewy is en 'n spesiale aktiwiteitskamer op hulle wag.

Veral die aktiwiteitskamer het Uitvoerende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie opgeval omdat skaak skynbaar een van die vernaamste aktiwiteite is wat hier beoefen gaan word. Hierdie aktiwiteit geniet by uitstek voorkeur omdat heelwat mense (veral kinders) daardeur betrek kan word en omdat dit deelnemers kan help om hul intellektueel te stimuleer.

Die handvervaardigde skaaktafels wat oral in die aktiwiteitskamer uitgestal word, het hul oorsprong te danke aan 'n vennootskap tussen die Wes-Kaapse departement van kultuursake en sport en die nasionale departement van korrektiewe dienste.

Twee leerders van Kleinmond wat tuisonderrig ondergaan, Dirk en Johan Matthee, sê mekaar die stryd aan onderwyl skaakafrigter Allen Badenhorst (in die groen T-hemp) toekyk. By hulle staan Desmond Lakey (links), Nicolette Botha-Guthrie, Stefan Wehmeyer, minister Anroux Marais, André Enslin en hoofbibliotekaris Wilna Hooneberg.

Handige houers maak honde-eienaars se lewens makliker

Whale Coast Conservation (WCC) het die inisiatief aan die dag gelê om 'n houer te ontwerp wat hondepoef-sakkies op aanvraag tot honde-eienaars se beskikking te stel en om hierdie houers al langs wandelpaaie en in sekere speelparke aan te bring.

Honde-eienaars het ook 'n verpligting om te verseker dat Overstrand nie ontsier word nie, en hierdie handige houers beteken dat niemand meer die verskoning "Ek het my sakkie vergeet" as 'n rede kan aanbied waarom hulle nie hul honde se uitskot opgetel het nie.

Volgens Anina Lee, WCC se kommunikasie-bestuurder, sal hulle graag meer houers langs wandelpaaie wil aanbring sowel as in ander Overstrand-dorpe, maar daarvoor het hulle borgskappe nodig. "Die houers kos R450 en installasie is ekstra," het sy gesê, en bygevoeg dat alle winste aangewend sal word om meer houers te vervaardig en om omgewingsbewustheid te bevorder.

Die eerste vyf "Grab a Dobby-doo bag dispensers" is deur Hermanus se Belastingbetalersvereniging geborg, en enigeen wat bereid is om nog houers te borg, word genooi om Anina te skakel by **028 316 2527** of 'n epos te stuur **anina.wcc@gmail.com**

"OMGEE" IN ELKE BLOKKIE VERWEEF

- in stede van 67, brei Overstranders toe 125 komberse vir Madiba-dag!

Twee jaar gelede het uittredende Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie vir die eerste keer 'n uitdaging aan Overstrand se afgetredenes gestel om ook hulle "67" ter ere van oud-President Mandela by te dra.

Wol is aan die inwoners van Kidbrooke Place en Onrus Manor verskaf met die uitdaging om elke jaar teen Madiba-dag (18 Julie), 67 gebreide komberse te lewer vir verspreiding onder Overstrand se behoeftiges.

Sedertdien het hierdie projek 'n heel ander kleurtjie aangeneem: Deesdae brei ondersteuners van verskeie biblioteke, manne én vroue wat 'n koffietjie by Fusion Restaurant geniet, sowel as Overstrand se senior burgers ewe flink om te sorg dat daardie kwota gehaal word.

En hulle het hul goed van hul taak gekwyt! Om die waarheid te sê, teen die ter perse gaan van Bulletin is daardie kwota reeds met 58 oorskry!

Op die koop toe het die *"Hooked on Tuesday"*-klub - 'n span dames wat hulle hand eerder aan 'n hekelpen as 'n breipen slaan - twee asemrowende gehekelde komberse geskenk wat ook ten bate van liefdadigheid uitgeloot gaan word.

'n Duidelik aangedane Botha-Guthrie het by ontvangs van die komberse haar dank uitgespreek vir "al die liefde en omgee" wat betoon is deur almal wat aan dié projek deelgeneem het.

Eintlik het die "Komberse vir Madiba"-projek nie 'n keerdatum nie, en die organiseerders sal veral skenkings van wol waardeer sodat ons ons bejaardes se gewillige hande kan inspan en hulle ook die kans kan gun om, nes Madiba, te bewys dat welwillendheid die antwoord is.

Die sewe leerlingverkeersbeamptes op hierdie foto mag dalk ewe breed glimlag, maar hulle kan daarvan getuig dat om 'n verdere-onderwys-en-opleidingsertifikaat in verkeerswetstoepassing te verwerf, glad nie grappies is nie. Hulle moes die afgelope 12 maande elke oggend vieruur uit die bed spring om te sorg dat hulle betyds by die Gene Louw-verkeerskollege in Brackenfell opdaag waar hulle nie net opleiding in verkeerswetstoepassing ontvang het nie, maar ook geleer is hoe om vuurwapens te hanteer, geartikuleerde voertuie te bestuur, noodhulp toe te pas en brande te bestry. Rudi Fraser, Overstrand se verkeershoof, het die leerlinge vir hul toewyding geloof en gesê dat Owen Jacobs, Slim Maki, Christelle Fransman, Princess Phelewu, Jay-Cee Marais, Trevino Williams en Fronwin Marais [van links na regs] duidelik daartoe verbind is om Overstrand en sy burgers teen enige vorm van misdaad te beskerm.

Bib-boek laat, boete uitstaande of lisensie agterweë?

MAAK OP ENIGE VAN DIE VOLGENDE SATERDAE HIERVAN WERK

In belang van beter dienslewering aan die publiek het die verkeers-departement [geleë op die hoek van Kort- en Mosselstraat, Hermanus] sowel as die Hermanus- biblioteek ingestem om elke tweede Saterdag vir die publiek oop te wees.

Let asseblief egter daarop dat die datums en tye wat hier verskaf word, aan verandering onderworpe is en dat ons nie verantwoordelik gehou kan word vir enige ongerief wat veroorsaak word of vir enige nalating om aan wetsvoorskrifte te voldoen nie.

OOP OP SATERDAE

Overstrand-verkeer: 08:30 - 12:00 • Hermanus-biblioteek: 08:30 - 11:30

13 en 27 Augustus | 10 September | 1de, 15 and 29 Oktober

RYBEWYS BAAN OËNSKYNLIK PAD NA SUKSES VIR MENIGE JONG WERKSOEKER

In samewerking met die departement van minerale bronne, AFRIMAT en Overberg Driving School het Overstrand onlangs 'n projek van stapel gestuur om 31 jong werksoekers te help om hul rybewyse te kry.

Hierdie inisiatief is deel van 'n poging om werk te maak van die hoë werkloosheidskoers onder jeugdiges in die Overstrand deur jongmense in die ouderdomsgroep 18 - 35 jaar toe te rus met gesogte vaardighede wat hulle kanse op sukses in die arbeidsmark sal verbeter.

Soos een van die deelnemers dit gestel het, "Omdat ek 'n rybewys het, het ek bo die ander aansoekers uitgeblink, en ek dink dit was een van die deurslaggewende faktore vir my aanstelling in die pos wat ek tans by die Landdroshof beklee".

BELOWENDE JONG PIANIS EN GALA-AAND OP OAK SE SPYSKAART

Willem de Beer

Diegene wat na 'n ietsie soek om die gure wintermaande 'n bietjie op te kikker, sal bly wees om te hoor dat OAK vandeesmaand die naaswenner van UNISA se 2015- nasionale kompetisie vir klavier op die verhoog van die Hermanus-ouditorium gaan verwelkom.

Dié konsert deur die belowende jong pianis Willem de Beer begin om 15:30 op Sondag 21 Augustus en sal werke deur Bach, Beethoven, Chopin, Messiaen en Balakirev insluit.

Soos gebruiklik gaan OAK ook weer eens op Woensdag 31 Augustus as gasheer optree vir die Overberg Eisteddfod se luisterryke gala-aand. Hierdie geleentheid sal stiptelik om 19:00 'n aanvang neem, en aangesien dit so uiters gewild is, word ondersteuners aangeraai om hul plekke so gou doenlik te bespreek.

Skakel BELLINI by 028 312 4988 om te bespreek. Alle ander navrae kan gerig word aan OAK se sekretaresse, René du Plooy, by 028 312 1895 of 082 940 4238.

VERKIESING VAN NUWE WYKSKOMITEES

IN AFWAGTING OP DIE UITSLAG VAN DIE MUNISIPALE VERKIESINGS wat op 3 Augustus 2016 gaan plaasvind, is Munisipaliteit Overstrand reeds besig om voorbereidings te tref vir die verkiesing van die volgende stel wykskomitees in al 13 wyke.

Wykskomitees is 'n onontbeerlike onderdeel van goeie staatsbestuur: Hulle praat namens die mense wanneer daar oor Geïntegreerde Ontwikkelings-planne en begrotings besin moet word en, sonder wyskomitees, sou burgers nooit 'n inset kon hê in daardie aspekte wat regtig 'n impak op dienslewering het nie.

'n Wykskomitee bestaan uit 'n getal verkose lede (nie meer as 10 nie) wat, onder aanvoering van die Wyksraadslid, die belange van organisasies/sektore en/of geografies-verbonde inwoners binne daardie gebied verteenwoordig. Enigeen wat op 'n wykskomitee wil dien, moet 'n geregistreerde kieser wees wie se naam op die kieserslys verskyn en wie, dienooreenkomstig, daartoe geregtig is om deel te hê aan plaaslike verkiesings in daardie gebied.

Overstrand se span aan wie openbare deelname opgedra is, voorsien dat die verkiesing van hersaamgestelde wykskomitees op 15 Augustus 'n aanvang sal neem en teen 18 Augustus 2016 afgehandel sal wees.

Almal wat belang het by hierdie aangeleentheid word aangeraai om die plaaslike koerante dop te hou sowel as om kennis te neem van munisipale kennisgewings wat gedetailleerde inligting in hierdie verband sal aankondig.

#MEERVIRMADIBA

Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie (links) oorhandig komberse aan die dames van Zwelihle Jeug Café. Saam met haar is een van die eienaars Fikiswa Gxamesi (tweede van regs) en Rdl Sicelo Gxamesi (regs).

Overstrand verkwis min

As 'n verlenging van sy telkaarte vir groen- en blou-druppelstatus het die nasional departement van water en sanitasie onlangs 'n verslag gepubliseer om aan te dui tot watter mate munisipaliteite daarin slaag om watergebruik te bestuur en waterverliese te voorkom.

In hierdie verband moet in ag geneem word dat die meeste munisipaliteite se distribusiestelsels gebuk gaan onder 'n geweldige verlies aan water weens lekkende pype, druppende krane en die onwettige gebruik van water.

Overstrand het 100% in die sogenaamde "No drop"- verslag behaal wat, aldus die departement, daarop neerkom dat hierdie munisipaliteit nie net ten volle bewus is van sy waterstatus nie maar ook oor die nodige prosesse, stelsels en kundigheid beskik om waterverliese en die onwettige gebruik van water in toom te hou.

Kriteria wat vir die samestelling van die "No drop"-verslag gebruik is, sluit strategiebeplanning en -implementering, batebestuur, tegniese vaardighede, geloofwaardigheid, nakoming en prestasie, klantesorg en die afdwing van wette in.

Gemeet aan hierdie kriteria dui Overstrand se prestasie daarop dat dit nie net in die beste infrastruktuur en praktyke belê nie maar ook die regte mense in plek het wat kwessies soos waterverlies die hoof kan bied.

By gelukwense van sy personeel met hul prestasie het Stephen Müller, Overstrand se direkteur: infrastruktuur en beplanning, die drie-druppel-stelsel gelykgestel aan 'n SABS-toekenning vir gehalte: "Gegewe dat ons waterbestuur vir niemand hoef terug te staan nie en dat Groter Hermanus se watertoevoerstelsel met 'n persentasie van 96.44% bó die ander 122 waterstelsels in die Wes-Kaap uitgeblink het, sou ek sê ons verdien erkenning vir voortreflikheid", was sy gevolgtrekking.